



# Negester

KLEIN-KARIBA

## "KYK HOE LYK ONS NOU"

Ongeveer 9km buite Bela-Bela is ons trots, **Negester Klein-Kariba**, knus geleë in die Waterberg. Die leefstyl Landgoed vir 50-plussers beslaan ongeveer 83 ha, met genoegsame groen stroke tussen wonings, vir daardie ekstra privaatheid. Ontwikkeling bestaan uit **426** erwe, waarvan **251** reeds verkoop is. **196** huise is reeds voltooi. Met sy unieke klimaat en natuurskoon, word die inwoners van **Negester Klein-Kariba** met 'n ongerepte Bosveld-landskap en 'n ryk biodiversiteit bederf.

*"...en mag die Suiderkruis en Negesterre witter as die stedelinge in jou siel bly skitter" – D.J. Opperman*



*Die Bosveld op sy beste!*

Op **Negester Klein-Kariba** en **ATKV Klein-Kariba Vakansieoord** se wandelroetes kan jy na hartelus veilig gaan stap en jou aan die pragtige Bosveld se fauna en flora verlustig. Ons mense hier is 'n lewendige gemeenskap wat die lewe ten volle geniet. Die karavaan klubs is beslis 'n gunsteling. Hier kan jou siel jou weer inhaal! In hierdie leefstyl-landgoed met sy ontspanne atmosfeer – wat net die Bosveld kan bied – sal jy toegang hê tot die volgende:

- ✦ Veilige en uitstekende beleggings geleentheid met **ATKV** as ontwikkelings vennoot
- ✦ Sorgsentrum / Tuis verpleging beskikbaar / Noodknoppie vir elke woning
- ✦ Pragtige natuurskoon met volop bergfiets, stap en draf roetes
- ✦ Sportgeriewe:
  - Verhitte swembad
  - Tennisbane
  - Jukskeibane
  - Putt-Putt
- ✦ Beheerde toegang tot die **ATKV** se **Klein Kariba** vakansie oord
- ✦ Klubhuis en Boma's met braaigeriewe
- ✦ 24/7 sekuriteit met biometriese toegangsbeheer
- ✦ Optiese veselkabels vir stabiele en vinnige internet



Om op die punt te kom om 'n skuif te maak na 'n woning wat jy 'n "laaste adres" noem, is nie 'n maklike besluit nie. Noukeurige oorweging is dus belangrik.

Wanneer 'n eiendom gekoop word, (hetsy as permanente woning of belegging) moet die vernaamste oorweging sy ligging wees. Indien jy op soek is na 'n prentjiemooi woning, met uitstekende ligging, omring deur die beste wat die Bosveld bied, kan **Negester Klein-Kariba** Leefstyl-Landgoed vir 50-plussers dalk net dié plek vir jou wees!

***Vir verdere inligting of as u graag 'n afspraak wil maak om die Landgoed te kom besoek kontak ons gerus.***

*Carin Boshoff*

AGENT | PRINSIPAAL

☎ +27 (0) 71 612 9129 | +27 (0) 14 736 2388

*Hannie Boshoff*

☎ +27 (0) 82 419 4642 | +27 (0) 14 736 2388